

Maandelikse gemeentebrief Desember 2017

Dit is altyd so 'n vreemde gevoel om dié tyd van die jaar in die winkels rond te loop en skielik op 'n dag kersversierings te sien. Dan besef 'n mens, eintlik met 'n skok, dat nog 'n jaar so te sê verby is. Desember is vir baie 'n tyd om 'n bietjie rustig te wees en tyd met die familie te spandeer. Sommiges gaan dalk oorsee of na een van ons land se pragtige strande. Dit is 'n welverdiende blaaskans na 'n bedrywige jaar.

Een van die dinge wat dikwels tydens so 'n vakansie gebeur is dat ons 'n slag stilsit en terugdink oor die jaar. Dit is die ideale geleentheid om 'n bietjie introspeksie te doen oor die hoogte- en laagtepunte van die jaar. Ons gedagtes word gevul met vrae soos: Het ek hierdie jaar bereik wat ek wou? Het ek genoeg tyd saam met my geliefdes spandeer? Was ek hierdie jaar 'n goeie man, vrou, oupa, ouma, kollega of vriend? Wat lê volgende jaar voor en hoe kan ek daarvoor voorbereid wees?

Hierdie is goeie en belangrike vrae wat ons nie kan ignoreer nie. Maar wat soms kan gebeur is dat ons so vasgevang raak in die vrae en gedagtes oor gister en môre dat ons vergeet om die geselskap, familie en rus van die “hier en nou” te geniet. Vra jouself weer 'n slag die volgende vraag: Leef ek om te werk, of werk ek om te leef?

Die skrywer van die boek Prediker stel dit so duidelik: “Ek het tot die insig gekom dat daar vir 'n mens niks beter is nie as om vrolik te wees en die goeie van die lewe te geniet. Dat die mens kan eet en drink en onder al sy arbeid nog die goeie kan geniet, ook dit is 'n gawe van God.” (Prediker 3:12-13)

Sien die “gawes van God” om jou raak hierdie Desember. Sien Hom in die sonsopkoms oor die see, die reuk van 'n wolkbreek en die pragtige Jakarandas van Johannesburg. Sien dít in jou kinders, jou ouers, jou grootouers en jou vriende. Geniet die tye om die swembad of die braai en rus vir 'n slag ordentlik hierdie Desember!

Ferreira Marais